**RINKINK SPEELSKOOL**
**INLIGTINGSTUK**

## 1. INLEIDING

Rinkink Speelskool is geregistreer by alle vereiste plaaslike en sentrale departementele liggame. Ons streef daarna om elke unieke kleuter optimaal te laat ontwikkel met 'n geïntegreerde "plaaslewe" grondslag.

## 2. LIGGING

Die asemrowende landgoed bied aan ons maats die geleentheid om die Skepping kaalvoet en speelsgewys te beleef. Hier ontwikkel kleuters 'n waardesisteem van respek, passie en liefde vir hul medemens en dier. Op die plaas is daar 'n verskeidenheid plaasdiere wat in die speelarea, kraal, kampies of veld aangetref word.

## 3. PERSONEEL

| NAAM | KLAS | KONTAK NOMMER | EPOS | VERJAARSDAG |
|---|---|---|---|---|
| Elsie Geringer | Hoof | 072 041 2527 | elsie@rinkink.co.za | 5 Junie |
| Nadia Tolken | Voëltjieklas (4-5 jariges) | 071 675 1151 | ntolken@webafrica.org.za | 15 November |
| Elsie Geringer | Perdjieklas (2-3 jariges) | 082 558 1921 | elsie@rinkink.co.za | 5 Junie |
| Melanie Jansen | Skapieklas (3-4 jariges) Admin | 072 623 8554 | admin@rinkink.co.za | 24 Januarie |
| Vanessa Ndabambi | Assistent | | | 1 Julie |
| Willis Kaunda | Assistent | | | 12 Desember |
| Bernice Meintjies | Assistent | | | |

## 4. FOOIE

Fooie word maandeliks elektronies inbetaal in die volgende rekening:

| | |
|---|---|
| **EM GERINGER** | |
| **NEDBANK** | **TJEK REKENING** |
| **REKENING NOMMER:** | **10 36 34 76 56** |
| **TAK KODE:** | **103 610** |
| **VERWYSING:** | **KIND SE NAAM EN VAN** |

Skoolfooie is jaarliks of oor 11 maande betaalbaar.
Skoolfooie moet voor die 3de van elke maand betaal word.
Ouers sal aanspreeklik gehou word indien 'n kleuter die skool verlaat sonder **2 maande** se skriftelike kennisgewing.
Indien ouer om enige rede hulle kleuter uit die skool haal, word die jaarlikse skoolfonds wat reeds betaal is nie pro–rata terug betaal nie.

'n Jaarlikse nie-terugbetaalbare deposito is betaalbaar om 'n kind se plek te verseker vir die volgende jaar.

Skakel asseblief die skool vir meer inligting.

## 5. SKRYFBEHOEFTEPAKKETTE

'n Skryfbehoeftespakket word vir u kind saamgestel deur PENCAFE.

Die skryfbehoeftespakket se bedrag is betaalbaar in die volgende rekening:

| | |
|---|---|
| **EM GERINGER** | |
| **NEDBANK** | **TJEK REKENING** |
| **REKENING NOMMER:** | **10 36 34 76 56** |
| **TAK KODE:** | **103 610** |
| **VERWYSING:** | **KIND SE NAAM EN VAN** |

Rinkink plaas die bestelling en ons maats ontvang hul skryfbehoeftespakket op die eerste dag van skool. Leerders se pakkette bly by die skool.

Indien u later in die jaar eers by ons aansluit, gesels asseblief met u klasonderwyseres oor u kind se skryfbehoefte-benodighede.

## 6. WAT BRING ONS MAATJIES ELKE DAG SKOOL TOE?

- 'n Gemerkte skooltas wat in rakkies pas (**geen wiele / nie groter as 30cm x 35cm**)
- Kosblik en koeldrankbotteltjie (gemerk)
- Ekstra stel klere in 'n plastieksak (gemerk)
- 3 doeke en 'wipes' (indien u kind nog 'n doek dra)

## 7. SKOOLTYE

Rinkink volg die departementele skoolkalender soos uiteengesit deur die Minister van Onderwys.

- Maats kan vanaf **8:00** arriveer en ons sluit om **12:00**. Indien u kind nie teen 12:15 afgehaal is nie, sal u 'n boete van R50 per halfuur ontvang.
- Die skool sluit om 12:00 '**n dag voor die departementele skole aan die einde van elke kwartaal**.
- Rinkink is gesluit op publieke en skoolvakansiedae.
- Rinkink begin elke kwartaal **een dag na die departementele skole begin**.
- **Die eerste twee weke**:

  **Al die klasse** kom die eerste week om 11:00 uit en dan die tweede week om 11:30 uit. Vanaf 3rde week kom hulle om 12:00 uit. Sodoende raak ons maatjies stelselmatig gewoond aan die 'lang dag' weg van die huis.

## 8. KLERE

- **PERDJIE KLAS**: 'n Ekstra stel klere moet in 'n gemerkte Ziploc-sakkie skool toe gestuur word aan die begin van die jaar, wat in 'n houer by die skool bly vir 'n noodgeval ('n ou stel klere). Pak ook daagliks 'n ekstra stel klere in u kind se tas.
- **ANDER KLASSE**: Daar moet altyd 'n ekstra stel klere in u kind se tas wees.
- Let asseblief daarop dat ons maats soms gaan vuil word op die plaas, moet asseblief nie jou kind se netjiesste en spesiale klere aantrek nie.
- WATERSTEWELS is 'n vereiste in die winter vir buitespel en pantoffels of enige ander gemaklike skoentjies (wat maatjie self kan aantrek) vir binne in die klas. GEEN VETERSKOENE NIE ASSEBLIEF.
- Merk asseblief alles van u kind.
- Skoolhempie word op LO dae gedra en tydens uitstappies.

## 9. SONSKERM

- Smeer asseblief (veral in die somer) ons maats se gesiggies en skouers voor hul soggens afgelaai word met sonskerm.
- 'n Sonhoed is ook baie welkom.

## 10. PARKERING

**Ons kan nie genoeg klem lê op die veiligheid van ons maats nie.**

- Neem asseblief kennis van die elektriese-heining by die parkeerarea.
- Maats moet nie in die parkeerarea speel nie en moet ten alle tye onder toesig wees.
- Maak asseblief altyd eers seker voordat u in tru-rat wegtrek dat daar geen kinders agter die voertuig is nie.
- **Niemand mag voor die skool parkeer nie en ook nie in die pad nie**.
- **Parkeer asseblief te alle tye op 'n geskikte parkeerplek.**
- Inkomende verkeer kry altyd voorkeur.  Uitgaande voertuie moet na links aftrek.

## 11. SIEKTES

- Maats met koors en / of wat antibiotika neem, moet liefs tuis bly tot dat hul gesond is.
- Geen medisyne mag skool toe gestuur word nie.
- Spesiale medisyne moet met die skoolhoof bespreek en ingeteken word.

## 12. TEETYD 'SNACK'

- 'n Tuit-botteltjie met sap of water (geen boksies koeldrank nie)
- 'n Broodjie en 'n vrug
- **GEEN JOGHURT, LEKKERS OF SKYFIES NIE. ASSEBLIEF BLY BY DIE REËL.**
- Hou die kosblik altyd gesond.

## 13. OUERKOMITEE

'n Ouerkomitee sal vroeg in die jaar aangewys word. Ons ouerkomitee hanteer die fondsinsamelings en die sosiale geleenthede by die skool.

## 14. BAK-EN-BROU

Bak-en-brou is 'n tema-verwante aktiwiteit wat elke tweede Vrydag plaasvind en waar ons maats verskillende tegnieke aanleer (soos proe, deel, skink, sny, smeer, meng, afmeet, volg van 'n resep, ens.) en die geleentheid kry om heerlike eetgoedjies te maak.

## 15. KOEK-TREKKING

- Hier word ons maats blootgestel aan wen en verloor. Die wat nie gewen het nie, leer van geduldig wees.
- Die **wennertjie van die vorige week besorg 'n nuwe koek die volgende Vrydag** en trek dan ook 'n nuwe wennertjie se naam.
- Sodoende kry elkeen 'n beurt, waar hy/sy koek bak en self moet versier saam met mamma of pappa. Dit is 'n prettige aktiwiteit vir ons maats en ouers.
- Dit leer die wat nie gewen het nie om 'n bietjie selfdissipline toe te pas – die proses van wag, geduldig wees en om te leer dat jy nie altyd dit wat jy wil hê, kan kry wanneer jy dit wil hê nie.
- Mammas wat nie tyd het vir bak nie is welkom om 'n koek te koop (geen roomkoeke of koeke met alkohol). Laat egter die maatjie die koek uitkies en versierings aanvul soos Smarties en of tema-verwante figuurtjies / versierings.
- Laat asseblief die gelukkige wenner toe om self die koek te dra, te sny en vir die familie te bedien.

## 16. PARTYTJIES

- Uitnodigings kan slegs aan maats in jou kind se klas uitgedeel word.
- Geskenkies moet eenvoudig wees en onder R50 per maatjie kos.
- Slegs 'cupcakes' en 'n pakkie skyfies is toelaatbaar. Geen koeldrank, pakkies lekkers, suigstokkies en of Fizzers nie.
- Partytjie tye: TREF ASSEBLIEF REËLINGS MET BETROKKE ONDERWYSER.
- GEEN SPRINGKASTELE word toegelaat nie.

## 17. UITSTAPPIES

- Maats word ten alle tye deur ouers vergesel tydens uitstappies.
- Die skool is gesluit op uitstappie-dae.
- Eie vervoer moet gereël word na en vanaf uitstappies.
- Indien 'n kinderoppasser 'n maatjie vergesel, is die kinderoppasser ten alle tye verantwoordelik vir die toesig van die betrokke maatjie.
- Rinkink T-hemde moet tydens uitstappies gedra word.

## 18. SPEELGOED

Geen (eie) speelgoed word by die skool toegelaat nie. Ook nie eie fantasieklere soos 'Spiderman' pakke, ens. nie.

## 19. GELDE

- Skoolgelde en alle ander gelde moet elektronies inbetaal word.

## 20. WHATSAPP-STELSEL

Ons maak gebruik van 'n WhatsApp-stelsel vir 'n meer raakvat kommunikasie tussen ouer en skool (NB: Laat weet ons indien u selfoonnommer verander).

## 21. PLAASDIERE

Maats is welkom om appels en wortels van die huis af te bring vir die diere deur die loop van die week – 'n uitstappie stalle toe is altyd groot pret!

## 22. BUITEMUURSE AKTIWITEITE

| | | | |
|---|---|---|---|
| MAANDAG | Playball<br>Perdry<br>Cool 2 Feel | Opsioneel<br>Opsioneel<br>Opsioneel | Tydens skooltyd<br>Tydens skooltyd<br>Tydens skooltyd |
| DINSDAG | CMaths | Opsioneel | Tydens skooltyd |
| WOENSDAG | Ballet | Opsioneel | Tydens skooltyd |
| DONDERDAG | Playball<br>Rugby | Opsioneel<br>Opsioneel | Tydens skooltyd<br>Na skool |
| VRYDAG | Musiek<br>Gimnastiek | Verpligtend<br>Opsioneel | Tydens skooltyd<br>Tydens skooltyd |
| 1 keer/maand | Pottery | Opsioneel | Tydens skooltyd |

**** Musiek is verpligtend vir alle maats wat op 'n Vrydag skool toe kom.**

**** Die ander aktiwiteite se kostes en inligting sal deur die afsonderlike afrigters aan u deurgegee word.**

## 23. VOOR SKOOL

'n Gesonde oggendroetine is baie belangrik vir ons maats. Maak seker dat u kind ontbyt eet en geen televisie en/of rekenaarspeletjies voor skool nie.

## 24. ARBEIDSTERAPEUTE

Indien u kind arbeidsterapie sou benodig, sal ons help met die nodige aanbevelings. Ons verwelkom ook altyd arbeidsterapeute om die kinders by die skool te evalueer vir 'n meer raakvat evaluering.

**25. SPORT**

Ons bied grootmotoriese sportlessies in klastyd aan. Dit fokus om versterking en beheer van grootspiere te ontwikkel, wat bydra tot spontane en gekoördineerde liggaamsbeweging.

**26. TIPIESE DAGPROGRAM**

| | |
|---|---|
| 8:00 – 8:50 | Aankoms, vryspel en individuele werk |
| 8:50 – 9:00 | Toiletroetine |
| 9:00 – 9:10 | Bybelstorie |
| 9:10 – 10:15 | Temabespreking<br>(fynmotories/kreatiewe werk / legkaarte / klei en ook opvoedkundige speletjies) |
| 10:15 – 10:30 | Toiletroetine en kosbliktyd |
| 10:30 – 11:30 | Plaaspret / Vryspel |
| 11:30 – 12:00 | Opruim en wegpak / Storietyd / Liedjies/ Wiskunde speletjies |

**RINKINK @ GAN EDEN** – ***Vars van die plaas!***

